Die Christelike Vrou

Junie 2026 Amptelike mondstuk van die NHSV

# 'n Brug tussen ons



Julie 2024. September 2024. Junie 2025. Mei 2026.

Vier geleenthede toe hier in ons omgewing BAIE reën was. Minstens twee keer erge vloede. Twee keer toe mense (en sekerlik ook diere) hul lewens verloor het as gevolg van die vloede. Dan praat ek nie eens van skade aan infrastruktuur en die omgewing nie. Hierdie laaste keer – verlede maand – was baie erg. Só erg dat daar selfs gepraat word van 'n een-in-150-jaar-vloed. Die provinsie is as rampgebied verklaar en die koste van die skade word voorlopig op ongeveer R9 biljoen geskat.

231 029 mense is op die een of ander manier geraak.
22 890 huise is beskadig. Mense is ure lank in die nag te midde van die storm bo-op huise se dakke vasgekeer.

Meer as 230 paaie is geraak: Baie paaie en ander infrastruktuur het beduidende skade opgedoen en verg herstelwerk en herbouing. Daar is 'n aansienlike hoeveelheid paaie wat steeds gesluit is. Ekself moet nou elke dag 'n ompad ry werk toe. Ons dorpie is letterlik in twee gedeel omdat die brug tussen die twee dele erg beskadig is en tans slegs deur voetgangers gebruik kan word. Dit beteken almal wat aan die ander kant moet wees as waar hulle bly, moet daagliks oor die brug stap en aan die ander kant 'n oplaaigeleentheid kry.

Daar is steeds 'n hele aantal areas wat sonder krag sit nadat elektriese infrastruktuur erg beskadig is. Besighede aan weerskante kry baie swaar. Vooruitskattings is dat die brug eers oor 18 maande herstel kan wees...

Maar miskien lê die ware verhaal nie net in wat gebreek is nie, maar in wat, teen alle verwagtinge in, besig is om gebou te word.

Want wanneer 'n brug beskadig word, word afstand skielik tasbaar. Wat eens 'n eenvoudige rit was, word nou 'n reis vol moeite. Tog gebeur daar iets merkwaardigs op daardie voetpad oor die beskadigde brug: Mense kyk mekaar in die oë. Hulle groet. Hulle help mekaar dra. Hulle wag. Hulle deel ritte. Hulle deel stories.

'n Gemeenskap wat fisies verdeel is, begin opnuut ontdek wat dit beteken om werklik verbind te wees.

Ons sien dit in die vrou wat ekstra kos maak vir 'n gesin aan die "ander kant". In die jong man wat elke oggend vroeg opstaan om mense te help oorgaan. In die besighede wat saam planne maak om te oorleef. In die gebede wat oor en weer gedra word – soos ons voete daagliks oor die brug beweeg.

Die ironie is duidelik: Die brug wat ons eens as vanselfsprekend aanvaar het, het nou meer betekenis as ooit. Nie omdat dit sterk is nie, maar juis omdat dit kwesbaar is. Miskien is dit die les wat hierdie tyd vir ons bring. Dat ware brûe nie net van staal en sement gemaak word nie, maar van omgee, geduld en geloof. Dat die pad na mekaar se harte soms eers oopgaan wanneer die gewone paaie wegspoel.

Ja, dit sal maande neem om die brug te herstel. Maar intussen word daar aan iets anders gebou – iets wat dalk selfs langer sal hou: 'n gemeenskap wat leer om oor grense te stap, om mekaar raak te sien, en om saam te dra.

Hannelie


# NHSV KONGRES



**Hoogtepunte by Kongres**

**Mari-lizé Beukes, Voorsitter NHSV Hoofbestuur**

**Hoogtepunte om na uit te sien tydens die 50ste Nasionale NHSV Kongres 2026**
Die NHSV se 50ste Goue Jubileum Nasionale Kongres vind plaas van 26 tot 28 Junie 2026 in Pretoria. Ons fokus hierdie jaar op die NHSV tema *Nogtans sal ek jubel* as grondslag vir ons Kongres. Die openingsaand vind plaas by Gemeente Montana en die Kongresverrigtinge by Batter Boys, Montana, Pretoria.





**Openingsaand by Gemeente Montana Vrydag 26 Junie 2026**
Ds Leon Geel (sr), erepresident van die NHSV, gaan tydens die openingsaand die oordenking lei. Die bekende orrelis Pieter van den Berg en verskeie ander musikante gaan die begeleiding hanteer met orrelspel saam met trompette, 'n horing, tromboon en tuba. Mev Mari-lizé Beukes sal haar NHSV voorsittersrede lewer, waarna groeteboodskappe deur die Algemene Kerkvergadering en die Komitee vir Diakonaat oorgedra gaan word deur onderskeidelik ds Leon Geel (sr) en dr Martin Janse van Rensburg.



**Yolande Britnell-Steyn:**
**Die vrou agter die bekende blog *Sit aan die ketel***
Ons hoofmotiveringspreker by die NHSV Kongres is die bekende Yolande Britnell-Steyn wat ons Sondag 28 Junie gaan inspireer met haar bediening vir vroue, oor die moeilike pad wat vroue soms stap, en om alle vroue daaraan te herinner dat God hulle geskep het met 'n spesifieke doel.

**Jak de Priester:**
**Musiek, motivering, inspirasie!**
Een van ons kunstenaars, Jak de Priester, tree Saterdag 27 Junie op. Na 20 suksesvolle jare in die Suid-Afrikaanse vermaakbedryf, het Jak de Priester geen bekendstelling nodig nie. Met sy sielvolle stem, betekenisvolle lirieke, ritmiese musiek en vermaaklike verhoogpersoonlikheid, het hy oor die jare diep in sy ondersteuners se harte kom nesskop.



**Je-ani Swiegelaar:**
**Eenvrouvertoning *Swipe regs***
Ons tweede kunstenaar vir Saterdag 27 Junie is Je-ani Swiegelaar met haar eenvrouvertoning *Swipe regs.* Sy is wyd bekend vir haar rol as suster Naomi Ferreira in die gewilde kykNET-sepie *Binnelanders* asook vir haar rolle in ander televisieproduksies, insluitend 'n gasrol in *Villa Rosa* en die karakter Maretjie in *Getroud met Rugby 4*.

**Gerda van der Merwe**
Ons tweede motiveringspreker, Gerda van der Merwe, is 'n predikantsvrou en die stigter van LÉÉF en Dayenu Art and Framing – twee platforms waar kreatiwiteit, neuro-afrigting en menswees op 'n unieke wyse saamvloei. Haar unieke talente gaan sy Saterdag 27 Junie met ons deel.

**Beskrywingspunte**
Die beskrywingspunte wat tydens Saterdag en Sondag se sittingsure by die Kongres gaan dien, bepaal die NHSV se aksiestappe vir die volgende drie jaar en die projekte wat ons gaan aanpak. Die kwessies waaraan ons aandag gaan gee, sluit in Ouerleiding, Bejaardesorg, Jeug en Geestesgesondheid.

**Hoogtepunte**



**Mededelings en diensorgane**
Mededelings word Saterdag en Sondag deurlopend gelewer deur die volgende instansies: Welstandsprogram en SGB; Afdeling Interne Oudit; Rata Maatskaplike Dienste; CSO; Eendrachtkring; Ons Tuis; Bybelgenootskap; SP Engelbrecht-museum; DPS-huise; Komitee vir Diakonaat; en Weet.

**Saterdagaand: Kuns en uitstallers**
Saterdagaand hou ons 'n kunsaktiwiteit soortgelyk aan *scrapbooking*, aangebied deur mev Thea van Rooyen wat die NHSV temas van die afgelope drie jare uitgebeeld het met haar unieke styl en kuns. Uitstallers van die onderskeie diensorgane en ander uitstallers gaan hul dienste en produkte kom uitstal, wat Saterdag en Sondag tydens teetye en etenstye besigtig en gekoop kan word.



# DIE KONINGIN






***Aga39memnon, CC BY 4.0***

***<https://creativecommons.org/licenses/by/4.0>***
***via Wikimedia Commons***

# DIE KONINGIN

**Die koningin van instrumente** **Ds Hannelie Botha**

### Koningin van instrumente



Daar is min instrumente wat dieselfde ontsag wek as die kerkorrel. Wanneer die eerste akkoorde deur 'n kerkgebou of konsertsaal weerklink, vul die klank nie net die ruimte nie – dit omsluit die luisteraar. Dit is daarom geen verrassing nie dat die orrel deur die eeue heen bekendstaan as die "koningin van instrumente". Met haar majestueuse klank, enorme omvang en buitengewone kompleksiteit bly die orrel een van die indrukwekkendste skeppings in die geskiedenis van musiek.

### 'n Instrument met 'n lang geskiedenis

Die geskiedenis van die orrel strek meer as twee millennia terug. Die vroegste voorloper was die ***hydraulis***, 'n watergedrewe instrument uit die derde eeu voor Christus in antieke Griekeland. Later is waterdruk vervang deur blaasbalke, en reeds teen die agtste eeu het orrels in Europa voorgekom. Vanaf die tiende eeu het die instrument 'n vaste plek in die Christelike erediens ingeneem.



Gedurende die Baroktydperk het die orrel haar goue era beleef. Dit was die tyd van groot orrelbouers en komponiste soos Johann Sebastian Bach, wie se werke vandag nog as hoogtepunte van die orrelrepertorium beskou word. Teen die 19de eeu was die orrel só ingewikkeld dat dit dikwels beskryf is as die mees komplekse mensgemaakte masjien van die tyd.

### 'n Wonder van ingenieursvernuf

Wat die orrel uniek maak, is nie net die klank nie, maar ook die konstruksie. 'n Pyporrel bestaan uit klawerborde (manuale), 'n pedaalbord, duisende pype, windkaste en 'n ingewikkelde stelsel van registers. Wanneer 'n toets (noot) gedruk word, word lug na spesifieke pype gelei om klank te produseer.



Elke pyp lewer slegs een toonhoogte, maar deur verskillende registers te kombineer, kan 'n orrelis 'n ongelooflike verskeidenheid klankkleure skep – van sagte, fluitagtige klanke tot kragtige, orkesagtige klankmassas. In groot katedrale kan orrels duisende pype hê, waarvan sommige langer as tien meter is. Die instrument se omvang strek oor meer as nege oktawe – meer as enige ander tradisionele instrument.

### Meer as net een soort orrel

Hoewel die pyporrel die bekendste is, bestaan daar verskeie tipes orrels. Rietorrels en harmoniums was veral gewild in die 19de eeu, terwyl elektroniese en digitale orrels in die 20ste eeu ontwikkel is. Hierdie moderne instrumente maak dit moontlik om orrelklanke te gebruik waar ruimte of koste 'n pyporrel onprakties maak.

# DIE KONINGIN

### Die koningin van instrumente

Tog meen baie kenners dat niks die unieke resonansie en fisieke teenwoordigheid van 'n ware pyporrel volkome kan vervang nie.



#### Die groot meesters van die orrel

Die orrel se ryk geskiedenis is onlosmaaklik verbind aan groot komponiste. Buiten Bach het komponiste soos George Frideric Handel, Felix Mendelssohn, César Franck en Charles-Marie Widor 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van die orrelrepertorium.

In ons tyd het jong kunstenaars nuwe lewe in die instrument geblaas. 'n Uitstaande voorbeeld is die Britse orrelis Anna Lapwood, wat deur sosiale media en kreatiewe uitvoerings 'n nuwe generasie aan die orrel bekendstel. Haar konserte lok derduisende mense – op een geleentheid tot 13 000 mense! –en bewys dat die orrel steeds 'n kragtige aantrekkingskrag het.

#### Suid-Afrikaanse orreliste

Suid-Afrika het ook 'n ryk orreltradisie. Mense soos Stefanus Zondagh, Barry Smith, Zorada Temmingh, Willem Mathlener, Wim Viljoen, Pieter van den Berg en Pieter van der Westhuizen het deur die jare 'n belangrike bydrae gelewer tot kerkmusiek en opleiding. In gemeentes, katedrale en universiteite oral in die land word steeds orreliste opgelei, hoewel die getalle kleiner is as in die verlede.




#### Gewild of ongewild?

Die orrel beleef tans 'n tyd van verandering. In baie gemeentes het tradisionele musiek plek gemaak vir kleiner musiekgroepe en kontemporêre aanbiddingsmusiek. Dit lei daartoe dat die orrel soms as verouderd beskou word.

Tog is die prentjie nie net negatief nie. Internasionaal trek groot orrelkonserte steeds gehore, en nuwe platforms soos sosiale media help om die instrument aan jonger gehore bekend te stel. Kunstenaars wys dat die orrel nie beperk is tot tradisionele kerkmusiek nie, maar ook moderne en populêre genres kan omarm.

#### Is daar nog genoeg orreliste?

Een van die grootste uitdagings is die tekort aan opgeleide orreliste. Die instrument vereis jare se studie, uitstekende koördinasie en toegang tot 'n geskikte oefeninstrument, en dit is nie altyd beskikbaar nie.



Tog is daar rede vir hoop. Opleidingsprogramme, beurse en nuwe tegnologie maak dit makliker vir jong musikante om die orrel te leer ken. Gerestoureerde instrumente en opvoedkundige projekte help om nuwe belangstelling aan te wakker.

# DIE KONINGIN

**Die koningin van instrumente**

### Die reuse onder die orrels


Wanneer daar oor die grootste orrels ter wêreld gepraat word, hang die antwoord af van hoe "grootste" gemeet word. Die *Boardwalk Hall Auditorium Organ* in Atlantic City word algemeen beskou as die grootste wat ooit gebou is, met meer as 33 000 pype. Hoewel dit lank nie volledig speelbaar was nie, word dit tans herstel.

Vir baie orrelliefhebbers bly die *Wanamaker Grand Court Organ* in Philadelphia egter die mees indrukwekkende. Hierdie orrel, oorspronklik gebou vir die 1904 St Louis-wêreldtentoonstelling, is later in 'n afdelingswinkel geïnstalleer en het die middelpunt van die bekende Macy's-winkel geword. Met bykans 29 000 pype, versprei oor verskeie verdiepings, word dit dikwels as die grootste ten volle funksionerende pyporrel beskryf.

Wat die Wanamaker-orrel besonders maak, is haar ligging. Anders as ander groot orrels, staan dit nie in 'n kerk of konsertsaal nie, maar in 'n voormalige winkelruimte. Vir dekades het inkopiegangers gratis uitvoerings geniet terwyl die indrukwekkende klank die atrium gevul het.

Selfs ná die sluiting van die winkel word die orrel steeds bewaar en bespeel. 'n Span kundiges – insluitend 'n hooforrelis, assistente, tegnici en vrywilligers – werk saam om die instrument in stand te hou. Die byna 29 000 pype moet voortdurend versorg en gestem word, en die ingewikkelde windstelsel vereis deurlopende onderhoud.

Die Wanamaker-orrel is dus nie net 'n instrument nie, maar 'n lewende instelling – 'n samewerkingsprojek waarin baie mense se toewyding saamkom. Dit herinner ons dat die orrel veel meer is as 'n begeleidingsinstrument; dit is 'n meesterstuk van vakmanskap en ingenieursvernuf.




***Bo:***
***Diagram van 'n "pneumatiese hefboom" in 'n pyporrel. So 'n hefboom bestaan uit 'n klein kragblaasbalk wat aan elke sleutel/noot gekoppel is. Wanneer 'n sleutel gedruk word, laat dit hoëdruklug na die blaasbalk vloei. Die blaasbalk neem dan die werk oor en maak die kleppe oop, ensovoorts. In groot orrels sou hierdie taak, sonder so 'n meganisme, meer wees as wat selfs die sterkste vingers kan verrig.***

### Die toekoms van die koningin

Sal die orrel nog oor honderd jaar bestaan? Alles dui daarop dat die antwoord *ja* is.

Hoewel die rol van die orrel in sommige gemeentes verander, bly dit 'n unieke kombinasie van kuns, tegnologie en geloof. Geen ander instrument kan dieselfde spektrum van klank voortbring nie – van fluisterende sagtheid tot oorweldigende majesteit.

Die uitdaging is om die orrel nie tot 'n museumstuk te reduseer nie, maar om dit lewend te hou: in eredienste, konserte, opleiding en nuwe

# DIE KONINGIN

**Die koningin van instrumente**

komposisies. Solank daar mense is wat hulself deur haar klank laat raak, sal die koningin van instrumente voortleef.

En wanneer die eerste majestueuse akkoord weer op 'n Sondagoggend deur 'n kerkgebou weerklink, herinner die orrel ons daaraan dat sommige tradisies nie bloot oorleef nie – hulle bly inspireer.



**Bronne:**
Encyclopaedia Britannica
https://www.britannica.com/art/organ-musical-instrument
Classic FM
https://www.classicfm.com
The Guardian
https://www.theguardian.com
Philadelphia Orchestra
https://www.philorch.org
Wanamaker Organ Official Site
https://wanamakerorgan.com
Boardwalk Hall Auditorium Organ
https://en.wikipedia.org/wiki/Boardwalk_Hall_Auditorium_Organ
Wanamaker Grand Court Organ
https://en.wikipedia.org/wiki/Wanamaker_Organ
Sekere grafika:
https://commons.wikimedia.org/




https://www.youtube.com/watch?v=HiHfXUXk1DI



***Bo: Anna Lapwood***
***Onder: Die Wanamaker-orrel***


Broodsonde
ANNELIE
BOTES

# Broodsonde

**Boekresensie** **Marita Fourie**



Foto: Netwerk24

Boekwurms sal beslis vertroud wees met die skrywer Annelie Botes. Ons ken haar as 'n ware woordargitek – iemand wat met gemak nuwe woordstene, met selfgemengde sement, in 'n volgende muur inmessel. Sy skryf vreesloos en eerlik neer wat sy as haar waarheid beleef. Soos haar eggenoot, die ou Gryse, op die agterblad van *Broodsonde* sê:

*In Broodsonde neem sy jou saam op 'n reis; van haar kinderjare op Grootfontein, waar sy vir haar Bybelhoenders skoolgehou het, tot in Engeland waar sy 'n Granny opgepas het om haar kalkoenkampie staande te hou ná 'n gemors met foreign exchange. Dís my Myta.*

Op 17-jarige ouderdom word haar lewe ingrypend verander. Sy en haar twee sibbe verloor eers hul ma in Februarie, terwyl hul pa siek in die hospitaal lê. Later dieselfde jaar sterf haar pa ook. Ná skool trou sy met die ou Gryse, haar skoolliefde. In die hoofstuk *Die grand finale* beskryf sy een van sy antwoorde aan haar as 'n *majeurfrase uit sy piccolo*.

In die hoofstuk *Vir tannie Dalene* (Matthee) skryf sy treffend: *Ek was gesalf met 'n tweede ma. Nie 'n lyfma nie, 'n sielsma.*

Haar man se insig en begrip vir haar fyn binneste kom besonder mooi na vore in *Psalms in die deegskottel*, waar hy die kinders gerusstel: *Julle ma is nie beneuk nie, sy is net fynsielig.* Deur die loop van die boek leer die leser haar ken as iemand met 'n diep deernis vir ander, veral vir dié wat swaarkry. Haar betrokkenheid by straatkinders, saam met wie sy sommer op die sypaadjie sit en dobbelsteen speel, getuig van 'n mens wat nie net skryf oor empatie nie, maar dit leef.

Vir my lê die emosionele kern van die boek in die titelhoofstuk, *Broodsonde*. Hier vertel sy van haar ervaring as orrelis by 'n krematorium, waar sy haar mineurpsalms opdra aan 'n ma van drie – 'n vrou wat deur armoede en omstandighede gedwing is om haar liggaam te gebruik om vir haar kinders te sorg. Vigs, manloos, geldloos, moederloos, met slegs 'n standerd ses-opleiding – haar liggaam was haar geleerdheid, haar oorlewing. Buite vra sy die predikant: *Wat is sonde nou eintlik?* Sy rigiede antwoord dat die vrou hel toe is, tensy sy haar op die laaste oomblik bekeer het, laat haar egter nie swyg nie. Sy hou vas aan haar oortuiging: *'n Liefdevolle God sou verstaan het waarom die ma van drie so gedoen het – nie goedkeur nie, maar verstaan. Hoekom sou Hy haar vagevuur toe stuur?*

Hierdie kosbare boek is reeds in 2006 gepubliseer, en ek het dit toevallig op een van my dogters se boekrak ontdek. Wat ontvou, is 'n eerlike en rou sielservaring wat die leser diep raak.

Annelie Botes het ook rubrieke vir tydskrifte en koerante geskryf. Ander bekende werke uit haar pen sluit in *Klawervier*, *Katvis*, *Raaiselkind*, *Trippel Sewe* en *Thula Thula*.

Deur haar lewe het sy verskeie gesondheidsuitdagings beleef. Sy is op 12 Desember 2024 op 67-jarige ouderdom oorlede.

Goeiemôre PRAKTIESE AFRIKAANS Taal Skryf

WELKOM WOORDEBOEK

kei-appeltjie Leer

Spelling AFRIKAANS

# PRAKTIESE AFRIKAANS

Afrikaans hot-agter

Lees noemnoem Sê

Goeienaand Spelling

LETTERKUNDE

Vrae WELKOM

Goeiedag

## Dubbele negatief

**Tessa Oppermann, Gemeente Rooihuiskraal**

*Jy kan nie vertrek voordat jy nie gegroet het nie.*

Maar eintlik bedoel jy: *Jy kan nie vertrek voordat jy gegroet het nie.*

Dis nogal verstommend hoe mense sukkel met die dubbel-*nie* in Afrikaans – die sogenaamde "dubbele negatief". Dit is natuurlik iets wat nie in ander Germaanse tale voorkom nie:

| | |
|---|---|
| Engels | *I am not ill.* |
| Duits | *Ich bin nicht krank.* |
| Nederlands | *Ik ben niet ziek.* |
| Afrikaans | *Ek is nie siek nie.* |

Wanneer 'n positiewe sin genegativeer word, moet die spesifieke Afrikaanse struktuurreël van die dubbel-*nie* nagekom word:

*Ek gaan môre dorp toe.*
Verkeerde negatief: *Ek gaan nie môre dorp toe / Ek gaan môre nie dorp toe.*
Korrekter negatief: *Ek gaan môre nie dorp toe nie / Ek gaan nie môre dorp toe nie.*

Daar is ook ander woorde as *nie* wat 'n ontkennende funksie het, soos *niemand*, *niks*, *geen*, *nêrens*, *nooit*, *geensins*, ensovoorts, en wat dan nie met 'n tweede *nie* gebruik moet word nie:



## Dubbele negatief



*Daar is niemand tuis nie.*
*Sy het my niks daarvan gegee nie.*
*Ek sien niks.*

Dit is ook belangrik om die *nie* op die regte plek in die sin te plaas:

*Jan gaan nie môre met sy nuwe kar by Piet kuier nie.* (Hele sin word ontken.)
*Jan gaan môre nie met sy nuwe kar by Piet kuier nie.* (Wel met iets anders.)
*Jan gaan môre met sy nuwe kar nie by Piet kuier nie.* (Wel by iemand anders.)

Soms vind 'n foutiewe opeenstapeling van die negatief plaas, waar die gekose werkwoorde byvoorbeeld reeds ontkennende waarde het, soos *verhinder*, *voorkom*, *ontken*, ensovoorts.

*Ons het ons kind afgeraai om te gaan.*
Nie: *Ons het ons kind afgeraai om nie te gaan nie.*

*Koos het sy seun verbied om te rook.*
Nie: *Koos het sy seun verbied om nie te rook nie.*

Die aanbeveling is dat as slegs die hoofsin negatief is, een *nie* gewoonlik in die hoofsin kom en die tweede *nie* aan die einde van die sin:

*Ek het nie vergeet dat dit juis sy is wat my gehelp het nie.*

Die tweede *nie* kan wel ook in so 'n geval vroeër in die sin geplaas word:

*Ek het nie vergeet nie dat dit juis sy is wat my gehelp het.*

Persoonlik verkies ek die tweede, want dit hou die negatiewe (*ek het nie vergeet nie*) negatief, en die positiewe (*sy het my gehelp*) positief!

**Medewerkers aan hierdie uitgawe:**
**Ds Hannelie Botha (redakteur), Mari-lizé Beukes, Marita Fourie, Tessa Oppermann**
**Taalversorging: Tessa Oppermann**
**Foto's vanaf www.Pixabay.com of https://www.freepik.com of KI of skrywers. Ander grafika van www.flaticon.com**
**Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na admin@nhsv.org.za**

| | | |
|---|---|---|
| www.nhsv.org.za | *Porterstraat 40, Rawsonville, 6845* | diechristelikevrou@gmail.com |
| diechristelike | Christelike Vrou | *082 923 9439* |

***Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van* Die Christelike Vrou *se redaksie of die NHSV nie.***